## Wie kan teen jaloesie staande bly?

Hierdie wyse, raak woorde kom vanuit die pen van Salomo. Hierdie suksesvolle gesalfde van die Here - hy was inderdaad die een wat die koninkryk van Dawid gevestig en uitgebrei het tot op daardie punt waar antieke Israel waarlik hulle merk gemaak het maar hy moes baie duidelik ook vanaf die begin sterk teen hierdie groenoogmonster te staan kom. Adonia wou hom so graag in die plek van Salomo stel en sy poging om die koninskap vir homself toe te eien, het so byna-byna geslaag. Maar God het betyds ingegryp en Salomo veilig op die troon geplaas!

Salomo het dan deeglik kennis gemaak met hierdie sataniese emosie in vele fasette en dit is die rede waarom hy feitlik desperaat hierdie kort, maar kragtige boodskap in sy geskrifte aan ons oordra. En jaloesie is tot vandag toe satan se sterkste wapen teen die mens en veral om skoonskip te maak met God se ware geroepenes.

Feit is, God roep vir `n spesifieke tyd en tydperk en as die aangewese tyd verby sou gaan, ly God se saak oneindige skade. Jaloesie is dan inderdaad die optimale wapen van vernietiging in die hande van `n onverloste wat daarop uit is om moord te blaas teen God se kinders en veral Sy gesalfdes. Satan sal dan altyd met woede uitgaan teen God se plan van aksie want Hy wil nie God se wil ten uitvoer sien nie (= om siele wat smag na antwoorde deur so `n geroepene te kan ontmoet).

Die kruks van die saak is egter dat net mooi niks kan standhou teen volgehoue jaloesie nie! In die ou dae was die segswyse van hierdie vernietigende woord bloot "jaloersheid", 'n woord wat nogal gemaklik op die tong val maar wat o, soveel skade kan berokken aan menselewens!

Tog is daar altyd troos by God en die tipe troos wat God gee is dat Hyself tot ons stryd sal toetree as ons Hom sou vra om dit te doen en sodoende sal Hy ons uit elke moeilike situasie verlos. Ons kan maar net dink aan die geskiedenis van Haman en die Jodendom en hoe God hulle uit die hand van die wraaksugtige Haman - wie geteer het op jaloesie - verlos het.

En al moet ons ook op verlossing en die uitkoms wag, is dit goed om ons daaraan te herinner dat die Here vir ons stry soos wat Josafat vas geglo het. God het dan waarlikwaar altyd die laaste se al sou ons ook hoe ly in die benoude interimtydperk en van "wag op die Here"!

Haman wou natuurlik dat Mordechai nooit sukses sou behaal nie en gevolglik het hy hom intens gehaat. Ons kan onsself indink hoe hy moes gevoel het toe hy Mordechai, toe deur Ahasveros verhoog, deur die strate moes lei!

Satan skep natuurlik altyd behae in mislukking van God se Plan en net God kan dan Sy vate wat teen die Haman-tipe sataniese jaloesie te staan sou kom, staande hou! En God het natuurlik altyd `n unieke wyse waarop Hy tot die opregte van hart se uitkoms toetree.

`n Christenvrou vertel dat, toe sy op `n stadium `n byeenkoms wou aanbied, was sy so sleggemaak deur iemand wat net mooi alles op subtiele wyse geprakseer het om laster teen haar op tou te sit. Maar God het tot haar hulp gekom en mense het, daar waar sy die saal vir die byeenkoms gehuur het, navraag oor haar gedoen en vertel dat sy `n indruk op hulle lewe gemaak het, veral op die werksfront. Alles het natuurlik agter haar rug plaasgevind - niemand was dan aangese om dit vir haar te doen nie! - en syself het dan nie nodig gehad om `n vinger te verroer om die laster bespotlik te maak nie. So werk God want, weereens, Sy geregtigheid seevier altyd by die wenpaal!

Wat kan ons dan maak as die vernietigende mag van jaloesie teen mens te staan sou kom? Daar is weereens net een suksesvolle resep: Wees stil en vertrou volkome op die Here! "Be still and know that I am God!" Dis die beste wapen teen satan al sou dit soms ook nodig wees om baie geduldig te bly wag totdat God die bande van jaloesie "uiteindelik" uitdelg.

"Vreeslik is dit om in die hande van `n lewende God te val!" verklaar die heilige Skrifte en as ons dan volkome in die Almagtige God sal rus, sal Hy elke aanslag van satan teen veral diegene wat geroep is vir `n spesifieke saak en doel, betyds afweer.

Kyk maar net wat het op die ent met Haman en al sy seuns gebeur. Hy het dan nie net sy eie ondergang deur sy volgehoue haat en afguns bewerkstellig nie, maar hy was ook die oorsaak van al sy seuns se totale uitwissing.

Wat egter so wonderbaar is, dit is as ons volkome in die Here sou rus en met ons hele hart op Hom kan bly vertrou, sal Hy altyd vir ons hulp stuur en Hy sal ook mense op ons lewenspad inspireer om ons in ons benoude situasies ondersteuning te gee.

Ek dank God dit is dan inderdaad net soos wat my Oupa Botha op 'n kol verklaar het - hy was in 1916 al `n pastoor van die AGS en hy en my Ouma Botha (le Roux) het na hulle bekering (doop en doping met die Heilige Gees), dit is vanuit die Hervormde Kerk, toe saam vir die Here in Suid-Afrika gewerk: "Die Here is wonderbaar! Hy ken die behoeftes van die mens. As daar tien of meer is wat nie van jou hou nie en wie altyd alles wat jy doen vir die Here wil dwarsboom, gee Hy altyd ook vir jou `n paar ware vriende wie jou getrou sal bystaan."

En dan het ons natuurlik veral die troos dat die boeke aan die einde van die dae oopgemaak sal word en dan sal Jesus alles wat ons hier vir Hom gedoen het, en wat ook die bedoelings van ons harte insluit, openbaar sal maak! God ken ons omstandighede en hierdie wete behoort op sigself vir ons van oneindige vertroosting en waarde te wees!

Maar alles inaggenome, bly `n mens maar net mens en wie sal nie soms bitter ongelukkig wees as volgehoue jaloesie teen jou beoefen word nie? Veral die destruktiewe tipe wat gewoonlik aan gemene dade en lasteraksies gekoppel word? En dikwels is die onskuldige party gewoonlik onbewus wat agter sy/haar rug aangaan.

As ons egter weereens die voorbeeld van Dawid sou neem, Saul was deel van sy intieme familiebetrekkinge en eerlikheid en ordentlike optrede geld gewoonlik in hierdie tipe opset. Maar waar Dawid die opregte van hart en gees was, was Saul net die teenoorgestelde. Hy was so afgunstig op Dawid dat hy tot uiterstes oorgegaan het om hom male sonder tal te benadeel.

Saul sou dan enigiets aan Dawid koppel net om hom te benadeel. Nou, ons weet nie alles omtrent Dawid en Saul nie, maar Saul het baie duidelik daarin geslaag om `n groot getal onder Israel teen Dawid te beinvloed en heelwaarskynlik het hy selfs immorele optrede aan Dawid gekoppel want hy belet Dawid se vrou, Michal, om getrou aan Dawid te bly en om hierdie rede verloor Dawid nie alleenlik haar guns nie maar ook haar as vrou. En dit was baie duidelik vir hom `n groot kwessie.

Dit blyk dat die Saul-persoonlikheid tree gewoonlik na vore in gemene dade. En om hierdie rede het Saul se gevolg natuurlik alles geglo wat Saul omtrent Dawid te se gehad het. Maar ons sien ook dat Dawid onder baie moeilike omstandighede daarin slaag om op sy God te vertrou en om sy eie heil ten beste vir homself uit te werk. Wat ook opvallend is, is dat Dawid nooit ten koste van Saul optree nie!

En dit is dan weereens bewys daarvan dat grondliggend aan Saul se geaardheid en optrede, was jaloesie so ingeburger in sy gees en gemoed dat juis dit hom tot waansinnige optrede beweeg. Hy verloor dan ook spreekwoordelik sy verstand (hy tree baie duidelik nie altyd normaal op nie en wat natuurlik as `n "bose gees" beskryf word) want God het beslis nie sy agterbaksheid en laakbare optrede teen Dawid goedgekeur nie!

Al sou Saul dan as lid van Dawid se bree familie (Dawid was in die oe van God nogsteeds met Michal getroud want hy het haar nooit geskei nie) dan ook alles in sy vermoe gedoen het om homself en veral sy optrede teenoor Dawid te regverdig, wend hy eintlik geen definitiewe, volhoubare poging aan om sy houding teenoor Dawid te verander nie. Maar Dawid wen die stryd op die einde en baie duidelik met God se hulp en natuurlik omdat hy nooit kwaad met kwaad vergeld het nie. Dawid het geweet dat Sy God die finale antwoord sou gee!

Die les wat ons uit  hierdie besondere verhaal kan leer?  As jy `n gat vir iemand grawe, val jyself daarin! Maar die skade wat aan `n onskuldige persoon gedoen word, net om jou eie destruktiewe gedrag, en moontlik selfs bedeklike sondes te bly verdoesel, sal wel deur God in herinnering geroep word op Sy bestemde tyd!

Die volgende gesegde is  dan baie goed van pas sou ons dalk ontsteld wees oor dinge wat gese word maar wat inderdaad onwaar is:

Al loop die leuen ook hoe snel

Die waarheid sal dit inhaal,  wel!

En so kom alles op die ou einde aan die lig want God sien alles wat ons doen raak!  (Spr. 4.18)

Ester Blomerus

www.housealtarnetwork.com

October 28, 2014